



education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 11

GEOGRAFIE V1
NOVEMBER 2024

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS.

AFDELING A

VRAAG 1: KLIMAAT EN WEER (60)

VRAAG 2: GEOMORFOLOGIE (60)

AFDELING B

VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDEN EN TEGNIEKE (30)

2. Beantwoord AL DRIE vrae.
3. ALLE diagramme is by die VRAESTEL ingesluit.
4. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings van vroeg wat jy beantwoord.
5. Begin ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
8. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.
9. Antwoord in VOL SINNE, behalwe waar jy moet noem, identifiseer of 'n lys moet maak.
10. Die maateenheid MOET in jou finale antwoord aangedui word, bv. 1020 hPa, 14 °C en 45 m.
11. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
12. Jy mag 'n vergrootglas gebruik.
13. Skryf netjies en leesbaar.

SPESifieKE INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR AFDELING B

14. 'n 1: 50 000 topografiese kaart 3319AD CERES en 'n 1: 10 000 ortofotokaart 3319 AD 12 CERES word voorsien.
15. Die gebied wat met ROOI/SWART op die topografiese kaart afgebaken is, stel die gebied voor wat deur die ortofotokaart gedek word.
16. Punte sal vir die stappe in berekening toegeken word.

AFDELING A: KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE**VRAAG 1: KLIMAAT EN WEER**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae voorsien. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1. tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Die seisoene ontstaan as gevolg van ...

- A insolasie.
- B rotasie.
- C revolusie.
- D seestrome.

1.1.2 Die Aarde ontvang meer energie by die ewenaar as wat nodig is as ...

- A energiesurplus.
- B energieverbreiding.
- C energie tekort.
- D energiebalans.

1.1.3 Die pad wat die Aarde om die son volg, word ... genoem.

- A perihelium
- B 'n revolusie
- C 'n as
- D 'n wentelbaan

1.1.4 Die somersonstilstand in die Suidelike Halfrond word gekenmerk deur ...


- A dae en nagte wat ewe lank is.
- B kort dae en lang nagte.
- C lang dae en kort nagte.
- D lang dae en lang nagte.

1.1.5 Warm lug wat na 'n laagdruk op die aardoppervlak vloei ...

- A verlaag temperature.
- B vorm wolke.
- C konvergeer.
- D divergeer.

	1.1.6	Hoe verder 'n mens van die ewenaar beweeg, hoe meer sal die insolasie ...		
	A	verminder.		
	B	vermeerder.		
	C	fluktueer.		
	D	dieselfde bly.		
	1.1.7	Die hoeveelheid insolasie wat die atmosfeer verhit hang van ... af.		
	A	winde		
	B	die breedtelyn		
	C	Corioliskrag		
	D	hoë temperature	(7 x 1)	(7)
1.2	Kies 'n stelling in KOLOM B wat by die woord in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.9 J.			
KOLOM A		KOLOM B		
1.2.1	Sonstilstand	A	As gevolg van aardrotasie wyk winde af weens die ...	
1.2.2	Dag en nageweninge	B	Horisontaal bewegende lug, dwarsoor die isobare van 'n hoogdruk na 'n laagdruk	
1.2.3	Corioliseffek	C	'n Groot hoeveelheid lug met dieselfde temperatuur en vogtigheid	
1.2.4	Drukgradiënt	D	Dis sterk winde wat van wes na oos waai in die bolug	
1.2.5	Geostrofiese wind	E	Die grens tussen die verligte- en donker atmosfeer	
1.2.6	Dryfstrome	F	Lug wat parallel aan die isobare beweeg	
1.2.7	Sirkel van illuminasie	G	Die tyd van die jaar wanneer dag en nag ewe lank in beide noordelike en suidelike halfrondes is	
1.2.8	Lugmassa	H	Die tyd van die jaar wanneer die son direk op die Kreefskeerkring en die Steenbokskeerkring skyn	
		I	Die oriëntasie van die aarde se as by enige posisie in sy wentelbaan, is altyd parallel aan enige ander posisie	(8 x 1) (8)

1.3 Verwys na die sinoptiese weerkaart hieronder.



[Aangepas uit <https://shorturl.at/clsE2>]

1.3.1	Die drukgradiënt by A is (steil/geleidelik), omdat die isobare naby mekaar is.	(1 x 1)	(1)
1.3.2	Identifiseer die hoogdruksel by B .	(1 x 1)	(1)
1.3.3	In watter rigting sirkuleer die lug rondom die hoogdruksel geïdentifiseer in VRAAG 1.3.2?	(1 x 1)	(1)
1.3.4	Teken 'n weerstasie van Gougheiland wat die volgende weerstoestande aandui:		
	(a) Wolkbedekking: betrokke		
	(b) Windrigting: Suidwes		
	(c) Lugtemperatuur: 13 °C		
	(d) Doupunkttemperatuur: 11 °C	(4 x 1)	(4)
1.3.5	Verwys na die weerverskynsel by F.		
	(a) Benoem die front by weerverskynsel F .	(1 x 1)	(1)
	(b) In watter algemene rigting beweeg hierdie weerverskynsel?	(1 x 1)	(1)


		(c)	Benoem die planetêre windgordel wat hierdie weerverskynsel in die rigting genoem in VRAAG 1.3.5 (b), dryf.		(1 x 2) (2)
		(d)	Bespreek hoe die weerstoestande sal verander as hierdie weerverskynsel oor Kaapstad beweeg.		(2 x 2) (4)
1.4	Verwys na die spotprent oor droogte hieronder.				



[Aangepas uit <https://shorturl.at/KhjSw>]

1.4.1	Definieer die term <i>droogte</i> .		(1 x 2)	(2)
1.4.2	Noem EEN oorsaak van droogte.		(1 x 1)	(1)
1.4.3	Waarom is ontwikkelende lande meer gevoelig (hoër risiko) vir droogtes as ontwikkelde lande?		(2 x 2)	(4)
1.4.4	In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek kortlik volhoubare maatreëls wat ingestel kan word om droogtes effektiief te bestuur.		(4 x 2)	(8)

1.5 Bestudeer FIGUUR 1.5 oor moeson hieronder.




[Aangepas uit <https://www.slideshare.net/slideshow/geomicrolesson-slides/265884869>]

1.5.1	Definieer die term <i>Moesonwinde</i> .	(1 x 2)	(2)
1.5.2	Waarvoor staan ITKS?	(1 x 1)	(1)
1.5.3	Waarom verander die windrigting by A van suidoos na suidwes?	(1 x 2)	(2)
1.5.4	Verklaar die verskillende posisies van die ITKS tydens winter en somer soos in hierdie diagramme hierbo getoon.	(2 x 2)	(4)
1.5.5	Evalueer hoe die swaardeën wat met somermoeson geassosieer word, 'n seën maar ook 'n vloek vir die menslike aktiwiteite in Indië kan wees.	(3 x 2)	(6)
			[60]

VRAAG 2: GEOMORFOLOGIE


- 2.1 Verwys na diagram A en B hieronder wat skuins strata/lae toon.
Pas die beskrywings in VRAAG 2.1.1 tot 2.1.8 by A of B. Skryf slegs A of B langs die vraagnommer neer, bv. 2.1.9 A.



[Aangepas uit <https://www.slideshare.net/slideshow/geomicrolesson-slides/265884869#8>]


2.1.1	Het die steilste eskaphelling en duikhelling.		
2.1.2	Dit is die mees gesikte plek vir damme.		
2.1.3	Die duikhelling kan gebruik word vir boerdery.		
2.1.4	Is saamgestel uit steil hellende rotslaе.		
2.1.5	Is gevorm deur geleidelike hellende rotslaе.		
2.1.6	Die eskarp is groter as 45° .		
2.1.7	Het 'n steil eskaphelling en 'n geleidelike duikhelling.		
2.1.8	Die eskaphelling is meer as 10° - 25° .	(8 x 1)	(8)


- 2.2 Die skets hieronder toon hangelemente. Kies die regte hangelement vanaf die skets wat by die beskrywing hieronder pas. 'n Hangelement kan meer as eenkeer gebruik word. Skryf slegs die nangelment langs die vraagnommer (2.2.1 tot 2.2.7) neer, bv. 2.2.8 Kruin.




[Eksaminator se eie skets]

2.2.1	Die hangelement wat die minste grondbedekking het.		
2.2.2	Die hangelement waar konstruksie van geboue en infrastruktuur makliker is.		
2.2.3	Die dominante geomorfologiese proses by die hangelement is rotstortings.		
2.2.4	Die kenmerk wat die vinnige verandering van een hangelement na 'n ander, toon.		
2.2.5	Die hangelement wat 'n konvekse vorm het.		
2.2.6	Die hangelement wat 'n konstante gradiënt het.		
2.2.7	Die hangelement waar die akkumulasie van verweerde materiaal onmootlik is.	(7 x 1)	(7)

2.3	Verwys na die diagram hieronder wat Karoolandskappe toon.		
			
[Aangepas uit https://slideplayer.com/slide/13901676/]			
2.3.1	Word hierdie Karoolandskappe met horisontale of hellende rotstukture geassosieer?	(1 x 1)	(1)
2.3.2	Identifiseer die Karoolandskappe nommer 2 en 4.	(2 x 1)	(2)
2.3.3	Beskryf die vorming van Karoolandskap nommer 4.	(1 x 2)	(2)
2.3.4	Definieer die term eskarpterugtrekking.	(1 x 2)	(2)
2.3.5	Beskryf die ooreenkoms en verskille tussen landvorm 1 en 3.	(2 x 2)	(4)
2.3.6	Bespreek waarom hierdie landvorms nie geskik vir menslike aktiwiteite is nie.	(2 x 2)	(4)

2.4	Verwys na sketse A en B hieronder wat met massiewe stollinggesteentes geassosieer word en beantwoord die vrae wat volg.		
			
[Aangepas uit https://cdn.zmescience.com/wp-content/uploads/2017/05/Fairview_Dome.jpg]			
2.4.1	Identifiseer die landvorms by X en Y .	(2 x 1)	(2)
2.4.2	Verduidelik die verskille en die ooreenkoms tussen landvorms X en Z .	(4 x 1)	(4)
2.4.3	Verwys na foto B , 'n koepelvormige landvorm.		
	(a) 'n Suid-Afrikaanse voorbeeld van foto B is (Vredfortkoepel/Paarlb erg).	(1 x 1)	(1)
	(b) Is foto B 'n voorbeeld van (intrusiewe / ekstrusiewe) landvorm.	(1 x 1)	(1)
	(c) Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 2.4.3 (b).	(1 x 2)	(2)
	(d) Noem die soort verwering wat op hierdie koepelvormige landvorm, voorkom.	(1 x 1)	(1)
	(e) Verduidelik hoe hierdie koepelvormige landvorm in foto B gevorm het.	(2 x 2)	(4)

2.5	Verwys na die gevallestudie van Massabeweging hieronder.		
OPDATERING VAN PADSLUITINGS IN MPUMALANGA NA DIE OORSTROMINGS WAT ROTSSORTINGS EN GRONDVERSKUIWINGS TOT GEVOLG GEHAD HET			
<p>Verskeie paaie in Mpumalanga bly gesluit as gevolg van die ineenstorting daarvan of is deur rotsstortings getref as gevolg van swaar reën, vloede rondom die provinsie in die afgelope paar dae (2021). Die woordvoerder van die Departement Gemeenskapsveiligheid Sekuriteit en skakeling, Moeti Mmusi het gesê, die R536 tussen Hazyview en Sabie sal vir 'n geruime tyd gesluit bly. Dit is ook gerapporteer dat 'n gedeelte van die R37 tussen Sabie en Mbombela deur rotsverskuiwings versper word. Die R40 tussen Baberton en Josefsdalgrenspos is ook gesluit omdat die pas ineengestort het.</p> 			
<p>[Aangepas uit https://www.citizen.co.za/lowvelder/news-headlines/local news/2023/02/17/mpumalanga-roadclosure-updates-following-flooding-and-downpours-across-the-province/]</p>			
2.5.1	Noem EEN fisiese faktor wat in die uittreksel genoem word wat bygedra het tot hierdie soort massaverskuiwing.	(1 x 1)	(1)
2.5.2	Watter faktore bepaal die spoed van die massaverskuiwing?	(2 x 1)	(2)
2.5.3	Verduidelik kortlik die negatiewe impakte van rotsstortings op die fisiese omgewing.	(2 x 2)	(4)
2.5.4	In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik watter voorsorgmaatreëls, die munisipaliteite van Mpumalanga, kan implementeer om die negatiewe effekte van rotsstortings in die gebied te verminder.	(4 x 2)	(8)
[60]			

AFDELING B**VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDEN EN TEGNIEKE****ALGEMENE INLIGTING OOR CERES**

Koördinate: 33°22'S; 19°19'O

Ceres (wat na die Romeinse godin van landbou vernoem is), is 'n dorp wat in die Kaapse wynlande van die Weskaap, geleë is. Is 'n dorp met ryke geskiedenis en met baie historiese geboue, 'n deurgang na Roete 62.

Dit is in 'n uiters vrugbare gebied geleë en 'n belangrike produsent van sagtevrugte in Suid-Afrika. Ceres bied baie mooi bergpasse, wat ontspanningsgebiede en staproetes insluit, en is omtrent 150 kilometer van Kaapstad af.

Die dorp se klimaat word deur sy hoogte bo seespieel beheer met gereelde sneeu op hoër gebiede tydens die Winter.

[Aangepas uit https://en.wikipedia.org/wiki/Ceres,_South_Africa]

Die volgende Engelse terme en hulle Afrikaanse vertalings word op die topografiese kaart getoon:

	ENGLISH	AFRIKAANS	
	River	Rivier	
	Hospital	Hospitaal	
	Landing Strip	Landingstrook	
	Golf Course	Gholfbaan	
	Diggings	Uitgrawings	
	Weir	Stuwal	
	Canal	Kanaal	

3.1 KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE			
	Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir VRAE 3.1.1 en 3.1.2 gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A—D) langs die vraagnommer (3.1.1 en 3.1.2) in die ANTWOORDEBOEK neer.		
3.1.1	In watter provinsie is Ceres geleë?		
	A Noordwes		
	B Ooskaap		
	C Weskaap		
	D Gauteng	(1 x 1)	(1)
3.1.2	Die skaal van die ortofotokaart is:		
	A 1 cm stel voor 100 m		
	B 1 cm stel voor 100 cm		
	C 1 m stel voor 500 m		
	D 1 cm stel voor 500 cm	(1 x 1)	(1)
3.1.3	Verwys na die topografiese kaart. Gebruik die inligting hieronder om die magnetiese deklinasie vir 2024 te bepaal.		
	Verskil in jare: $2024 - 2014 = 10$ jaar.		
	Gemiddelde jaarlikse verandering		
	Totale verandering		
	Totale jaarlikse verandering	(4 x 1)	(4)
3.1.4	Wat is die doel daarvan om die magnetiese deklinasie vir die huidige jaar te bepaal?	(1 x 1)	(1)
3.1.5	Bereken die werklike afstand van LYN F in (meter) tussen punthoogte 622 en punthoogte 473,2 op die topografiese kaart.		
	Formule: Werklike afstand = Kaartafstand x Kaartskaal	(2 x 1)	(2)
3.1.6	Hoekom vertoon voorwerpe groter op die ortofotokaart as op die topografiese kaart?	(1 x 1)	(1)

3.2	KAARTINTERPRETASIE																						
	3.2.1 Die kenmerk by E in blok K5 is 'n ...																						
	A	laaisone.																					
	B	spoorlyn.																					
	C	brug.																					
	D	snyding.	(1 x 1)	(1)																			
	3.2.2 (a)	Watter sel, van die drieselmodel van die globale lugsirkulasie, affekteer die klimaat van Ceres?	(1 x 1)	(1)																			
	(b)	Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 3.2.2 (a).	(1 x 2)	(2)																			
	3.2.3 (a)	In watter algemene rigting vloei die Dwarsrivier in blok G6 ?	(1 x 1)	(1)																			
	(b)	Gee TWEE bewyse vanaf die kaart om jou antwoord in VRAAG 3.2.3(b) te ondersteun.	(1 x 2)	(2)																			
	3.2.4 (a)	Watter soort massabeweging kan moontlik op die hoofpad in blok F6 plaasvind?	(1 x 1)	(1)																			
	(b)	Stel voor hoe menslike aktiwiteite bydra tot massabeweging in genoem in VRAAG 3.2.4(a).	(2 x 2)	(4)																			
3.3	GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSEL (GIS)																						
	3.3.1	Definieer kortliks die begrip <i>bufferskepping</i> .	(1 x 2)	(2)																			
	3.3.2	Is 'n kaartskaal 'n voorbeeld van attribuutdata of ruimtelike data?	(1 x 1)	(1)																			
	3.3.3	Die statistieke hieronder verwys na Ceres se persentasie (%) toename in die misdaadvlakte van 2015 tot 2017.																					
		<table border="1"> <thead> <tr> <th colspan="4">PERSENTASIE (%) TOENAME IN MISDAADVLAKKE</th> </tr> <tr> <th rowspan="2">Soort misdaad</th> <th colspan="3">JAAR/JARE</th> </tr> <tr> <th>2015</th> <th>2016</th> <th>2017</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>Huisbraak</td> <td>18,6%</td> <td>11,3%</td> <td>23,4%</td> </tr> <tr> <td>Motorkaping</td> <td>100%</td> <td>177,8%</td> <td>36,4%</td> </tr> </tbody> </table> <p>[Aangepas uit https://shorturl.at/HN0QI]</p>	PERSENTASIE (%) TOENAME IN MISDAADVLAKKE				Soort misdaad	JAAR/JARE			2015	2016	2017	Huisbraak	18,6%	11,3%	23,4%	Motorkaping	100%	177,8%	36,4%		
PERSENTASIE (%) TOENAME IN MISDAADVLAKKE																							
Soort misdaad	JAAR/JARE																						
	2015	2016	2017																				
Huisbraak	18,6%	11,3%	23,4%																				
Motorkaping	100%	177,8%	36,4%																				

		(a)	Noem TWEE maniere waarop hierdie data ingesamel kon word.	(2 x 1)	(2)
		(b)	Is die inligting in die tabel primêre of sekondêre data?	(1 x 1)	(1)
		(c)	Lewer kommentaar oor die tendens van motorkaping en huisbrake gedurende 2016 en 2017.	(1 x 2)	(2)
TOTAAL AFDELING B:				30	
GROOTTOTAAL:				150	